

Dinsdag 5 April

Skrifgedeelte: Rigters 13:1-24 (AFR20)

Fokusgedeelte: Rigters 13:22

God praat wanneer elkeen doen wat goed is in sy oë!

Die gedeelte begin met die ou refrein: “Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE.” Die HERE het hulle vir veertig jaar oorgegee in die hand van die Filistyne. Opvallend, die genade van die HERE bly nie agter nie: “die Engel van die HERE” (die voorgeboortelike verskyning van Christus in die Ou Testament) verskyn aan die onvrugbare vrou van Manoag. Hy vertel aan haar dat sy ’n seun sal hê. Hy verskyn ook aan Manoag, as hy pleit om Hom te sien. Hy weier ’n offer van Manoag, en beveel dat eerder ’n offer aan die HERE gebring word; Hy gee nie sy naam nie, maar sê dis iets Wonderbaar; Hy gaan met die vlam van die offer op na die hemel terwyl Manoag en sy vrou dit sien.

Manoag vrees die dood by aanskoue van God. Sy vrou sien die bewys van genade om te bly lewe, in die aanvaarding van die offer. Die genade loop uit op die geboorte van Simson wat die Israeliete begin verlos ...

Die “begin” het geroep na die verlossing deur die Verlosser, Jesus Christus, nie net van die Filistyne, aardse bekommernisse nie, maar verlossing van die dood en die verkryging van die ewige lewe.

Leef ek elke dag onder leiding van die Heilige Gees?

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 7 (Sb 24)

Ds. S Hibbert (Simon) (emeritus)